

20 Januarie 2011

Jaargang 3 – Uitgawe 43

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Advertensies
- Agterblad



Teken in op e-Hervormer en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by www.hervormer.co.za en klik op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan karen@nhk.co.za

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za



Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhk.co.za
Die Hervormer www.hervormer.co.za
e-Hervormer www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html

Indien u nie weer die e-Hervormer wil ontvang nie, klik op www.hervormer.co.za/cancel.html

VOORBLAD

Brandpunte

Die redaksie het dr Daan van Wyk (jr) versoek om te skryf oor die brandpunte wat daar tans in die Kerk is.

Om te praat van brandpunte wat daar tans in die Kerk is, klink ietwat oordrewe. Na afloop van die 69ste Algemene Kerkvergadering (AKV) het die sinodale werksaamhede van die Kerk normaal voortgegaan. Rade is benoem en is besig om aan die gang te kom met hul opdragte en werksaamhede.

Dit blyk dat die besluit wat die vergadering geneem het om die sekondilede van die Algemene Kommissie die ondersoek- en tugvergadering van die Kerk te maak, 'n stap in die regte rigting was. Die Sekundi-kommissie het reeds 'n saak hanteer. Die Kommissie van die AKV het dus die hande vry om hulle aan hul werklike opdragte te wy.

Een van die groot uitdagings vir hierdie jaar is die afskeid van gewaardeerde personelede en die vul van hul poste met bekwame personeel. Dr Wilhelm Coetzer se pos is vakant. Dr Fanie Pretorius emeriteer later vanjaar en nog later die administrateur, mnr Kobus Viljoen, asook sy sekretaresse vir dekades, mej Rona Barnard.

As daar tans een brandpunt is wat vermelding verdien, is dit die voortgaande besinning oor die apartheidsbesluit wat die AKV geneem het. Die Kommissie van die AKV is van meet af aan, soos seker alle ampsdraers en lidmate, bewus van die feit dat daar oor dié saak diep en skerp verdeeldheid in die Kerk is. Nie alleen het talle ampsdraers hul teenstem teen die besluit laat aanteken nie, maar diegene wat daarvoor beswaard is, het ook dadelik begin om protes en verset teen die besluit te organiseer. Die Kommissie het in daardie stadium besluit om 'n Herderlike Skrywe aan gemeentes te stuur waarin die besluit van die AKV geïnterpreteer en binne perspektief gestel word. Voordat dit afgehandel kon word, het 'n broederlike gesprek tussen die Moderamen en die komitee wat die leiers van die beswaardes verteenwoordig, plaasgevind waarin die komitee meegedeel is dat die Kommissie hul verset respekteer en behoorlik sal hanteer, maar dat die beswaardes daarop moet let dat hulle in hul verset en protes nougeset binne die orde van die Kerk en die riglyne van die Kerkorde moet bly.

Tydens die gesprek is 'n beswaarskrif aan die Kommissie van die AKV oorhandig waarin die geldigheid van Besluit 54 (die besluit wat die AKV oor apartheid geneem het) bevraagteken word. Die beswaar kom onder andere daarop neer dat 'n ander leer, strydig met die leer van die Kerk, deur die besluit die Kerk ingedra word. Die Moderamen het besluit om die saak in 'n baie ernstige lig te beskou en het besin oor 'n bepaalde roete van hoe die beswaarskrif hanteer behoort te word. Die roete of wyse van hantering van die beswaarskrif sal op 28 Januarie aan die Algemene Kommissie tydens 'n buitengewone vergadering voorgelê word. Dit sal daarna ook wyd bekendgemaak word sodat die saak volkome deursigtig en gebalanseerd maar met die nodige erns hanteer kan word.

Gemeentes, kerkrade en lidmate se geduld word gevra sodat hierdie belangrike saak op die korrekte kerklike weg, tot heil van die Hervormde Kerk en tot eer van God, hanteer kan word. Gerugte van verset wat daarop neerkom dat byvoorbeeld heffings weerhou word, is uiters verontrustend. Dit is onkerklik en as sodanig tugwaardig. Dit kan op geen wyse die uitkoms van hierdie saak dien nie en sal net die Kerk en die saak skade aandoen.

Voor ons lê 'n jaar met baie uitdagings. Die golf van sekularisme wat oor ons Kerk spoel, maak saam met bogenoemde sake die pad interessant maar moeisaam. Ek wil die Kerk graag oproep om in die geloof te volhard in die moeilike tye voor ons. Kom ons leef almal 'n lewe wat by die evangelie pas. Kom ons verknog met steeds groter ywer die evangelie van die gekruisigde en opgestane Here, Jesus Christus. God regeer immers, daarom vrees ons niks en niemand nie, al is die pad hoe moeisaam.

**Dr Daan van Wyk (jr), Voorsitter
Kommissie van die AKV**



BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by ernest.vaneck@up.ac.za om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by www.nhk.co.za te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Fanie Pretorius by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Beroep ontvang



Ds Chris Liebenberg Ds Bernie Sneygans

- **Dr Sanrie de Beer** van Philadelphia (deeltyds) na Philadelphia (volsorg)
- **Ds Martin Meyer** van Standerton na die Stella-kombinasie
- **Ds Chris Liebenberg** van Warmbad na Windhoek
- **Ds Gert Macdonald** van Nelspruit na Vryburg
- **Ds Gerhard Viviers** van Laeveld na die Stella-kombinasie
- **Ds Bernie Sneygans** van Hartebeestpoort na Vryburg

Beroep aanvaar



Ds Barrie Oberholzer Dr Sanrie de Beer

- **Ds Barrie Oberholzer** van Messina na Zeerust
- **Dr Sanrie de Beer** van Philadelphia (deeltyds) na Philadelphia (volsorg)

Beroep bedank



Ds Martin Meyer Ds Gert Macdonald

- **Ds Stephan Botha** van Klerksdorp-Oos Môrester (deelsorg) na Vryburg (volsorg)
- **Ds Martin Meyer** van Standerton na die Stella-kombinasie
- **Ds Gert Macdonald** van Nelspruit na Vryburg
- **Ds Gerhard Viviers** van Laeveld na die Stella-kombinasie

Vakante standplase

- **Gemeente Eendracht**, in die ring van Trichardtsfontein, beskik oor 'n vakante **volsorgstandplaas**. Die gemeente bestaan uit 266 belydende lidmate, met baie jongmense. Eendracht is 'n tipiese plattelandse gemeente in 'n sterk boerderygemeenskap. Die dorp is 110 km vanaf Pretoria en 25 km vanaf Secunda. Goeie skole is gerieflik beskikbaar. Predikante wat sou belangstel om 'n beroep na die gemeente te aanvaar, kan 'n CV stuur na die konsulent, dr Robert Jones, by rjjones@nhk.co.za (083 300 1764), die voorsitter van die ouderlingevergadering, oudl Johan Barnard, by barnardj@secunda.co.za (082 945 7563), of die skriba, Annatjie van Vuuren, by annatjie@biowaymulti.co.za (083 407 6474). Die sperdatum is **28 Februarie 2011**. Die kerkraad kan kandidate van hul keuse nooi vir 'n onderhoud en preekgeleentheid, en behou die reg om 'n predikant te beroep wat nie aansoek gedoen het nie.
- **Gemeente Secunda** beskik oor 'n vakante **volsorgstandplaas**. Dit is 'n tweede standplaas; die ander volsorgstandplaas is tans gevul. Secunda is 'n groot plattelandse dorp wat rondom die SASOL-aanleg gesentreer is. Die gemeente bestaan uit 1 127 lidmate, waarvan 890 belydende lidmate is. 39% is jonger as 30 jaar; 26% 30 tot 50 jaar; 27% 50 tot 65 jaar; 7% ouer as 65. Die gemeente beleef tans sterk groei in die eerste twee groeperings. Die bedieningsplan fokus op die bediening van kinders en jongmense. Voorkeur en vaardighede in hierdie bedieningsterrein sal tot voordeel van kandidate wees. Aansoeke moet die gemeente **voor 4 Maart 2011** bereik. Predikante en proponente kan 'n CV aan die skriba stuur by secunda@nhk.co.za. Die kerkraad sal die kandidate van hul keuse nooi vir 'n preekgeleentheid en onderhoud, en behou die reg om 'n predikant te beroep wat nie aansoek gedoen het nie.



PREDIKANTE EN GEMEENTES

- **Ons innige medelye gaan aan die naasbestaandes van die volgende persone wat onlangs oorlede is:**



Dr Wilhelm Coetzer Ds Albert Minnaar



Ds Neels
Janse van Rensburg

- **Dr Wilhelm Coetzer**, tot onlangs sekretaris van die Algemene Diakensvergadering (ADV), is op Maandag 20 Desember in die laataand, na 'n lang siekbed, oorlede. Die roudiens het plaasgevind op Vrydag 24 Desember in die kerkgebou van Gemeente Premiermyn. Hy word oorleef deur sy vrou, Tessa, en kinders Jaco en Maritza. Sy moeder en skoonouers leef nog.
- **Ds Albert Minnaar** van Gemeente Barberton is op Vrydag 31 Desember oorlede nadat hy op Woensdag 22 Desember in die hospitaal opgeneem is met longontsteking. Die roudiens het plaasgevind op Woensdag 5 Januarie in die kerkgebou van Gemeente Barberton. Hy word oorleef deur sy vrou, Edna, en twee dogters, Karin en Helene. Sy ouers en skoonouers leef nog.
- Emerituspredikant **ds Neels (Haas) Janse van Rensburg** is op 4 Januarie oorlede. Daar was twee roudienste, albei op Donderdag 13 Januarie om 12:00: in Outeniqua, gelei deur ds Japie Janse van Rensburg (ds Neels se seun), en in Bronkhorstspruit, gelei deur ds Jan van Staden vir diegene wat nie na George kon reis nie. Ds Neels word oorleef deur sy kinders en kleinkinders.
- **Ds Werner Mans se vader** is op 28 November aan 'n hartaanval oorlede. Dr Christo van der Merwe het die begrafnisdiens waargeneem. Die familie betuig hul dank aan di Louis Pienaar, Petri de Kock en Willie Strydom vir hul ondersteuning.
- **Hennie Volschenk, skoonvader van ds Jan Kramer**, is op 1 Desember in die ouderdom van 94 jaar oorlede. Mev Maryna Kramer se ouers het in die Wilgeheuwel-aftreeoord in Potchefstroom gewoon; haar moeder is 86 jaar oud.
- **Die vader van ds Johan Ayres** is op Saterdag 11 Desember in die ouderdom van 84 na 'n kort siekbed oorlede.
- **Twee swaers van ds Cas du Plessis** is gedurende Desember oorlede.
- **Mev Marthie Erasmus**, 'n lidmaat van Gemeente Rustenburg-Kloof, is verlede jaar vermoor tydens 'n plaasaanval. Haar man het die aanval oorleef. Die Kerk se voorbidding word vir die gesin gevra.
- Ds Werner Olivier is pas terug van Zimbabwe waar hy die vorige week besoek afgelê het. Tydens sy besoek het hy die begrafnisdiens van **Petrus Botha**, 'n jarelange lidmaat van die gemeente in Harare, gelei.

- **Baie geluk aan die volgende predikante wat in die huwelik getree het:**



- Op Saterdag 15 Januarie om 16:00 het dr André Ungerer **ds Rudi Botha en Sharon Hacke** in die huwelik bevestig. Rudi is tans beroepafwagting. Op die foto is van links na regs Hannes Botha (Rudi se seun wat tans in die VSA woon), Sharon, Rudi en Philip Botha (Rudi se oudste seun, wat tans in Kaapstad woon).
- Gemeente Bloemfontein-Wes het 2010 afgesluit met 'n pastorietroue! Ds Eddie Eckard het **ds Lewis Strauss en sy bruid Kozette** (foto links) in die eg verbind.






Dr Jaco Beyers

- **Ons is saam met die volgende persone dankbaar oor hul herstel:**
 - Twee predikantslede van die Kommissie van die AKV het in Desember operasies ondergaan. **Dr Daan van Wyk (jr)** (voorsitter) en **ds Dries Beukes** (visevoorsitter) het mooi herstel en dit gaan goed met hulle.
 - **Mev Tienie Stoltz**, vrou van ds Dirk Stoltz, moeder van ds Gerhard Stoltz en skoonmoeder van dr Robert Jones, het aan die einde van 2010 'n groot operasie ondergaan. Dit gaan reeds beter met haar.
- **Dr Jaco Beyers** van Gemeente Verwoerdburg het die benoeming as dosent in Godsdiens- en Sendingwetenskap by die Teologiese Fakulteit aan die Universiteit van Pretoria aanvaar. Hy is nog betrokke by die gemeente tot aan die einde van Februarie en het reeds met sy werk by die Universiteit begin. Hy word seën en sterkte met sy nuwe werk toegebied.
- **Ds Barrie Oberholzer**, wat die beroep na Gemeente Zeerust aanvaar het, is op Sondag 16 Januarie deur emerituspredikant ds Wynand de Beer in sy amp bevestig.
- **Die volgende predikante verjaar van 20 tot 28 Januarie**, en word hartlik geluk gewens.
 - Donderdag 20 Januarie: Ds Martyn Redelinghuys (emeritus)
 - Vrydag 21 Januarie: Di Stephen de Beer (Noordwestelike Pretoria), Gerrie Senekal (Lichtenburg), en dr Johan Nel (Bloemfontein)
 - Saterdag 22 Januarie: Ds Willem Slabbert (Pretoria-Noord)
 - Sondag 23 Januarie: Dr Wouter van Wyk (sinodaal) en ds Jan Wallis (emeritus)
 - Maandag 24 Januarie: Ds Marius Kramer (Rustenburg-Suid)
 - Dinsdag 25 Januarie: Di Riaan Botha (Steelpoort), Pierre Kotze (Piet Potgieter) en Oppies Opperman (beroepafwagting)
 - Woensdag 26 Januarie: Di Marita Engelbrecht (Komatipoort), Richard van der Westhuizen (Tzaneen) en prof Marthinus Pretorius (emeritus)
 - Donderdag 27 Januarie: Ds Elmien Snyman (Sundra)
- **Die volgende predikante vier vanjaar hul 25-jarige ampsjubileum:** Drr Gerhard Lindeque; Johan Otto; di Willem Barnard; Gerrie Botha; Willem Breytenbach; Chris le Roux; Hennie Nel; Carl Potterill; Errol Sheppard; Geo Smit; en Willie Strydom.
- **Die volgende predikant vier vanjaar sy 50-jarige ampsjubileum:** Ds Peet Kruger.
- **Die volgende predikante vier vanjaar hul 60-jarige ampsjubileum:** Di Kálmán Papp (sr); en Koos Viljoen.
- **Gemeente Bloemfontein-Wes** het verlede jaar sy **40ste bestaansjaar** herdenk. Daar was onder andere twee feesnaweke saam met vorige predikante, 'n boomplantseremonie, 'n melodrama en 'n diamantkarnaval. Hulle was ook bevoorreg om hul eerste predikantspaar, **ds Gert en mev Johanna van Staden**, te onthaal. Ds Gert het die Nagmaalrediens gedurende Augustus gelei. Di Jan de Wet en Willem Slabbert het die voorbereidingserediens gelei. Saam kon hulle deel in die vreugde dat ds Slabbert ná siekte-emeritaat sodanig herstel het dat hy weer 'n beroep kon kry. Die geskiedenis van Abraham en ook Psalm 116 het vir die gemeente nuwe betekenis gekry.



Ds Chris le Roux Ds Kálmán Papp (sr)



Ds Gert en mev Johanna van Staden



- **Alle predikante en kategeeshoofde** moet asseblief die **graad 5's** se ouers daarop wys dat hul kinders se **dagstukkies** nou ook op **Facebook** beskikbaar is. Die prosedure om op die *Ons Pols*-bladsy te kom, is soos volg: Gaan na u Facebook-profiel. Tik in die soekenjin van Facebook *Ons Pols*. Kliek op die bladsy se naam, en u sal na die amptelike *ons pols 9*-bladsy geneem word. Kliek nou op die *like*-knoppie en u is deel van die gemeenskap wat die aktiwiteite op die bladsy volg. Om die daaglikse dagstukkies te lees, navigeer soos bo aangedui na die *ons pols*-bladsy vanaf u profiel. Druk op die *notes*-knoppie en lees die dagstukkies van die betrokke dag. Die dagstukkies sal elke dag voor 08:00 gelaai word.
- Verskeie gemeentes sal binne die volgende maand of twee hul **beroepswerksaamhede** begin of hervat. Die volgende gemeentes beroep tans: Montana; Verwoerdburg; die Stella-kombinasie; Eendracht; Secunda; Windhoek; Messina/Van Warmelo; Horison Roodepoort; en Barberton. Daar is enkele gemeentes wat nog beplanning doen oor moontlike standplaaswysings voordat hulle sal beroep.
- **Die Komitee vir Ouderlinge** het reeds hul eerste vergadering na afloop van die AKV gehou. By die geleentheid is gekonstitueer en beplanning gedoen. Daar sal veral gepoog word om soveel moontlik ouderlinge by die werksaamhede van die Komitee te betrek gedurende die volgende drie jaar.
- **Preekbeurt in Dullstroom.** Predikante kan van **Januarie tot April** vanjaar by Gemeente Dullstroom gratis preek en gratis verblyf vir die naweek kry. Die verblyf is vir die predikant en sy/haar gade en 'n voorskoolse kind. Vir die ander kinders moet self betaal word. Kontak Johanna by nhkdullstroom@yahoo.com of 072 116 3353.
- **Gemeente Brackenhurst** in Alberton onderneem van 30 Januarie tot 13 Maart 'n veldtog oor **egte spiritualiteit**, gebaseer op Romeine 12. Hulle gaan deur die 5 fasette van dissipelskap werk. Meer inligting kan van die gemeentelike kerkkantoor by 011 868 3625 of nhkbrack@ananzi.co.za bekom word.
- Die Voortgesette Teologiese Toerusting vir Predikante (**VTT**) word op **7 en 8 Junie 2011** en **8 en 9 November 2011** aangebied by Gemeente Villieria, en die koste beloop R300 per persoon.
- **Kennisgewing aan alle NHSV-takke:** Die datum vir die **46ste Nasionale Kongres** is 6, 7 en 8 Oktober 2011. Die kongres vind plaas by Gemeente Wonderboom in Pretoria.
- Die **NHSV Hoofbestuur** herinner gemeentes daaraan dat die deurkollekte van **13 Februarie** aan die NHSV toegestaan word. Vanjaar sal die fondse uitsluitlik vir beurse en lenings aangewend word.
- **Gemeente Wonderboompoort** beskik oor **studenteblyplek in Eloffsdal**, Pretoria. Kamers met gesamentlike badkamer teen R900 per persoon wat deel, R1 500 per enkeling. Kamers met en suite badkamer en stoorkamer teen R1 200 per persoon wat deel, R2 000 per enkeling. Water en ligte en veilige parkering is ingesluit. Dit is op 'n busroete, 5 km vanaf Kerkplein, 2 km van die Eugene Marais-hospitaal, naby die universiteite. Kontak Johan by 082 212 2137.
- In die voetspore van die eerste Christene: **Toer na Egipte en Turkye** van **20 April tot 4 Mei 2011** onder leiding van **ds Martin Slabbert**. Besoek die webwerf by www.indievoetspore.co.za, of kontak ds Slabbert by 082 655 4787.





Konserte

- **Vrydag 16 September: Gemeente Klerksdorp-Wilkoppies: Kurt Darren**
Vanaf 19:00 by die rugbyveld van Wesvalia-skool
Eerste 250 kaartjies naby verhoog R100 elk; res R80 elk
Kaartjies reeds beskikbaar by Maranata-grasdakke, wes van kerkgebou in Vleistraat 50
Kontak 018 468 3769 of 083 449 9907, of George Foley by 083 750 0699

Sportbyeenkomste en -kompetisies

- **Gemeente Klerksdorp-Oos Môrester: Novac-fietswedren**
Saterdag 22 Januarie
11de agtereenvolgende jaar
75 km, 45 km, 10 km en *Kiddies-ren*
Medaljes vir deelnemers, kontantpryse vir wenners en naaswenners, gelukstrekkinge
Wen R1 000 of R500 se brandstof!
Navrae aan Veronica Blake by 082 969 1302 of veronicablake@telkomsa.net

Basaars en markte


- **Saterdag 29 Januarie: Gemeente Nelspruit**
Maroelafees en Buitelewe-ekspo
Vanaf 08:00 tot laatmiddag by Nelspruitse Rugbyklub
Toegang gratis
Kontak gemeentelike kerkkantoor by 013 741 1455
- **Saterdag 7 Mei 2011: Gemeente Delareyville: Genl Delareyfees**
Goewermentstraat 31, Delareyville
Toegang gratis
Bobby van Jaarsveld tree op
Kompetisie teen R100 per kaartjie: 1ste prys bul en 10 topverse; 2de prys 5 topverse; 3de prys bootvaart na Portugese Eilande
Kontak Ben van der Ryst by 082 372 7035 of Attie Hattingh by 082 770 6862

ANDER NUUS

- **Die Kommissie van die AKV** kom op 28 Januarie om 14:00 in 'n buitengewone vergadering byeen. Die Moderamen vergader die oggend.
- Die notule van die **69ste AKV**, Besluitebundel en hersiene Kerkorde sal binnekort op die webblad geplaas word. Die gedrukte weergawes sal later beskikbaar wees.
- Die **Kommissie van die AKV** hou op **4 en 5 Maart** 'n werkwinkel. Beplanning sal by die geleentheid gedoen word oor die werk wat die Kommissie in die volgende drie jaar wil doen, en bepaalde doelwitte sal geïdentifiseer word. **Prof Theuns Dreyer en dr Daan van Wyk (sr)**, voormalige voorsitters van die Kommissie, word by die werkwinkel betrek.
- Die **amptelike opening van AIM** vind op Dinsdag 1 Februarie om 08:30 plaas in die Raadsaal van die Dirk van der Hoffgebou. Die spreker is dr Charmaine Fourie, en die tema *Armoede – wat kan ek doen om te help?* Ná die oorhandiging van die akademiese pryse sal 'n vingerete aangebied word. Laat weet prof Natie van Wyk by 012 322 8885 x249 indien u die geleentheid wil bywoon.



Dr Daan van Wyk (sr) Prof Theuns Dreyer





Lindie Strydom help om ons Bybelse Dagboek uit te deel



- In die *e-Hervormer* van 2 Desember is berig oor die **Bybelse Dagboeke** wat SENTIK aan Solidariteit Helpende Hand geskenk het. Joey Lötter, Bemerkingsbestuurder van **Solidariteit Helpende Hand**, het die volgende brief aan dr Wouter van Wyk van SENTIK gestuur: *Eerstens wil ek u net weer eens bedank vir die wonderlike geskenk, en soos u op die foto kan sien, was dit 'n welkome present veral so in die Kerstyd. Ons het dit uitgedeel by 'n plakkerskamp, waar ons ook dieselfde dag 'n selfverdedigingskursus vir vroue aangebied het. Dit was deel van die protes teen geweld teen vroue en kinders. Baie dankie vir u bydrae.*
- Die boek *Van Seringboom tot Kerkgebou. Die argitektoniese erfenis van die Gereformeerde Kerke* het pas verskyn. Die teks en kleurfoto's fokus op die oprigting van die geboue self. Interessantheite oor hoekstene, boustyle, argitekte of die gebrek daaraan is volop. Die feite en vertellings is soos die foto's landwyd versamel – vanaf die oudste bestaande kerkgebou op Middelburg (Kaap) uit 1861 tot byvoorbeeld 'n nuwe kerkgebou in Midrand wat gesamentlik deur die Gereformeerde en Hervormde Kerk besit word. Daar is geboue wat troon oor dorpe soos Reddersburg in die Vrystaat, en ander wat deur die stad verdwerg is, soos Pretoria-Oos se gebou in Sunnyside. Die boek kos R310 (+ R20 posgeld indien van toepassing), en is beskikbaar by ds Hannes Noëth, 083 415 5961 of jgnoeth@lantic.net; Nándor Sarkady (Pretoria-omgewing), argief@nhk.co.za of 072 365 5078; en dr Kobus van Tonder (Rand), altydbeter@gmail.com of 082 544 2879.
- Die **volgende vergaderings** vind tot 28 Januarie plaas. Betrokkes moet hulself asseblief vergewis van die korrekte vergadertye en lokale.
 - Donderdag 20 Januarie: ADV Dagbestuur; Kommissie van die AKV
 - Vrydag 21 Januarie: Finkom van Die Ondersteuningsraad
 - Dinsdag 25 Januarie: Koördineringskomitee
 - Woensdag 26 Januarie: Bestuursvergadering van Die Ondersteuningsraad
 - Donderdag 27 Januarie: Raad vir Erediens
 - Vrydag 28 Januarie: Moderamen en Kommissie van die AKV

KOMMENTAAR

Lesers kan kort kommentaar (uiters 100 woorde) stuur aan produksie@nhk.co.za. Langer bydraes sal nie geplaas word nie, en moet eerder na die gespreksforum van die Kerk se webblad by www.nhk.co.za gestuur word. Die finale besluit oor plasing in die *e-Hervormer* berus by die redakteur.

“Die openingaanddiens van die Hervormde Kerk se AKV in Pretoria was vir my 'n aangrypende en onvergeetlike ervaring! Nie net die kragtige, soliede Skrifuitleg van prof Theuns Dreyer nie, maar ook die hele liturgie en veral die samesang het by my die hoop laat opvlam dat die Hervormde Kerk dalk die toekomstige behoudende tuiste van ons tradisionele kerkmusiek en gemeentesang kan wees! As *dit* is hoe die Kerk God Drie-enig nog in ons eredienste loof en prys, dan sou ek graag as musikus, orrelis en musiekentrepreneur daaraan wou meedoen!”

Eddie Davey, Pretoria

“In die *e-Hervormer* van 25 November word verwys na prof Ben Engelbrecht en die probleem in 1946 om op 23-jarige ouderdom gelegitimeer te word. My oorlede vader, ds CH Muller, gebore 17 Maart 1915, is in 1938 in Pietersburg georden toe hy 23 was, daarna Groot-Marico in 1941. Hy was dus in 1941 eers 26. Is die 25-jaar-bepanking eers na 1940 ingestel?”

Dit is jammer dat ons *Almanak* nie meer predikante van voor 1968 kan insluit nie; ruimte is seker die uitdaging! Wat van net 'n naamlys in alfabetiese volgorde met datums soos 1938-1970?"

Jan Muller, Klerksdorp

Ons Argivaris, Nándor Sarkady, antwoord soos volg:

Ds CH Muller het op 17 Maart 1938 die ouderdom van 23 bereik. Slegs 'n dag later, op 18 Maart 1938, het Gemeente Pietersburg die beroep op hom uitgebring, en op 9 April is hy daar bevestig.

Die Kerkwet bepaal reeds in 1904 in Hoofstuk V artikel 28 dat 'n kandidaat tot die heilige diens die leeftyd van 23 jaar (nie 25 jaar, soos die *e-Hervormer* berig het nie) moet bereik alvorens hy beroep sou kon word. Dit was dus die reëling wat vir alle predikante gegeld het toe die Fakulteit Teologie in Pretoria gevestig is. Hierdie bepaling is in die herskrywing van die Kerkwet in 1951 weggelaat.

ADVERTENSIES

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente uitgebreide inligting oor 'n projek wil bekendstel, kan in die *e-Hervormer* geplaas word, teen **R114 per plasing**. Die teks moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na produksie@nhk.co.za, of per faks na 086 633 4059 of 012 322 7906. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan: Raad van Finansies; ABSA; tjekrekening nommer 020 000 287; takkode 632 005; **verwysing:** u naam + **e-Hervormer Ads**. Kontak mev Oppermann vir meer inligting.


AGTERBLAD

Die kerk in fokus

Die Januarie/Februarie 2011-uitgawe van *Die Hervormer* is by die drukkers en sal volgende week beskikbaar wees.

In hierdie eerste uitgawe van vanjaar verskyn onder andere 'n berig van ds Dries Beukes, visevoorsitter van die Kommissie van die AKV, oor die beswaarskrif wat na aanleiding van die besluit oor apartheid ontvang is. Daar is ook berigte oor drie predikante wat onlangs oorlede is, en inligting oor Bybelvasvra 2011.

*** Kontak mev Susann van Zyl by 012 322 8885 x291 of sentik@nhk.co.za om vir 2011 in te teken en 11 uitgawes teen R90 te ontvang. *Die Hervormer* dra veral diepte-artikels, in teenstelling met die *e-Hervormer* wat die dag-tot-dag-nuus oor gebeure in die Hervormde Kerk weergee. Besoek www.hervormer.co.za en lees wat in uitgawes sedert Januarie/Februarie 2008 verskyn het.



Daar is ook 'n drukkersvriendelike weergawe (sonder foto's) van hierdie nuusbrieff beskikbaar, wat vandeeweek 228 kilogrepe groot is. Vind die drukkersvriendelike weergawe by www.hervormer.co.za, of stuur 'n versoek na karen@nhk.co.za om dit weekliks te ontvang.